

Sing vooraf staande: Psalm 19:5 (p. 83)

- 5 Die HEER se vrees is rein, / dit open 'n fontein / van heil wat ewig bly.
Die wette van die HEER / is waarheid immermeer, / regverdig net soos Hy.
Hul's soos die fynste goud – / ja, fyner duisendvoud – / geen glans wat so kan straal nie;
geen heuning is so goed, / geen heuningdrup so soet – / daar's niks wat daarby haal nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 33:1 (p. 157)

- 1 Sing vrolik, hef die stem na bowe; / regverdiges, verhef die HEER!
Dit pas opregtes God te lowe / en uit te jubel tot sy eer.
Laat die psalmgesange – / stem van sterk verlange / om die HEER te dank –
by die smeltendskone / harp- en sitertone, / liefde en lof verklank!

Geloofsbelydenis: Apostolicum

Na die wet sing ons Psalm 25:2 (p. 115).

Wet

Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

Ons dank U, Here, dat ons die troos het van u heilige evangelie en dat u Woord dit daagliks aan ons leer. Ons dank U ook vir die versterking van u Heilige Gees wat ons in hierdie hoop op verlossing onderskraag.

Ons dank U ook vir die voorreg om gereed te maak om weer volgende week hier bymekaar te wees rondom u sakrament van die Heilige Nagmaal. Ons dank U dat ons as 'n kerk U weer mag loof en prys. Here, ons gebed is dat U hierdie gemeente van U waardig sal maak aan u heiligheid.

Sterk ons in ons geloof en help ons om u eer te soek en te vind. Wees met almal wat nie in al die geloofsvoorregte deel soos ons nie: Hulle wat verdruk word ter wille van hulle geloof. Hulle wat elke dag honger deurbring. Betoon ook u genade aan elkeen wat in spanning en onder druk is. U alleen kan blywende oplossings verskaf aan dit wat kwel. Mag sulkes hulle geloof behou en bo alles die beloftes van u evangelie belewe.

Seën ons in ons daaglikse arbeid. Laat ons die vreugde ervaar uit u hand dat ons werk ryklik geseën word. Mag ons ook die insig ontvang om in ons daaglikse arbeid u koninkryk te bou sodat u eer ook deur ons dagtaak verkondig word. Ons bid ook veral vir ons geestelike lewe. Here, so dikwels kan ons onself in ons onverantwoordelike ken – hoeveel te meer dan nie U nie. So dikwels is ons voorneme om U met reg te dien, so goed, maar elke keer dan neem die kwaad ons aan die hand.

Ons smeek van U vergewing vir hierdie sondes van ons. As U ons nie hierin genade bewys nie, Here, dan het ons geen hoop op verlossing nie. Oordeel ons tog in die genade van die Here Jesus Christus, en in sy soenverdienste.

Help ons ook sodat ons positief lewe ten opsigte van ons kerklike lewe. So baie van ons se geloofsmeelewing laat soveel te wense oor. Ons bely dit in alle eerlikheid, maar juis daarom pleit ons ook vir hulle. Here, U het nog altyd eerste liefgehad, en eers die redding van die sondaar gesoek. Bekeer hulle ook, eerder as om hulle met u oordeel te besoek. Om Christus ontwil.

Amen.

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Skriflesing: 2 Petrus 2

Teks: 2 Petrus 2:7

... en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense; (2 Petrus 2:7 AFR53)

Ons lees dikwels iets in die Bybel wat aanvanklik regtig nie vir ons reg lyk nie. Soos hier. En dan is dit ook meestal wanneer daar verwys word na die Ou Testament op 'n ander manier as wat ons eerste indrukke van die saak is.

- 'n Ander voorbeeld van so 'n saak is byvoorbeeld Romeine 9 waar daar vertel word dat die Here voor die geboorte van Jakob en Esau vir Rebekka gesê het dat sy 'n tweeling gaan hê, en dat die Here Jakob liefgehad het en Esau gehaat het – en toe was die twee babas nog nie gebore nie. Dit lyk met die eerste oogopslag mos nie reg nie.
- Dit is nogal so met Lot en sy geskiedenis ook. Lot lyk nie uit die Ou Testament soos 'n sterk figuur nie! Ons kry die indruk van hom dat hy 'n skadufiguur is. Hy is altyd in die geselskap van sy oom Abraham. Hy teer altyd op die genade wat die Here vir Abraham gee.

Ons let op twee sake:

1. Oordeel: Lot, die halfhartige bekeerde

2. Genade: Ons onvermoë teen die sonde bestempel ons nie as verlore nes nie!

1. Oordeel: Lot, die halfhartige bekeerde

Ons kry Abraham waar hy gewillig in die geloof op pad is na die land wat die Here hom sal aanwys. En saam met hom gaan sy nefie Lot.

- Lot was toe nog maar 'n jong man. Hy het seker elke keer gehelp wanneer Abraham by 'n nuwe plek aankom om 'n altaar te bou, waar Abraham dan tot eer van die Here geoffer het. Hy het met ander woorde 'n goeie onderrig en voorbeeld ontvang van hoe 'n gelowige dinge behoort te doen.
- Hy het sekerlik ook gedeel in die Godsopenbaringe wat Abraham ontvang het. Abraham het dit verseker vir hulle almal oorvertel. Lot moes dus die Here goed geken het.

MAAR hy is ook die een wat heeltemal breek met die gewoontes van sy volk.

- Hy verbreek die tradisies as hy in die stad gaan woon, in plaas van in die tente van die nomades.
- Hy gaan bly tussen die Kanaäniete, en mens kry die indruk dat hy gelukkig tussen hulle gebly het.
- Lot is ook 'n verskriklike egoïs.
 - Sy veewagters kry rusie met die wagters van Abraham. Hy is nie by magte om sy wagters te regeer nie.
 - Mens kry uit die Ou Testament sterk die indruk dat die aarde en sy opbrengs vir hom meer waarde het as wat eintlik goed is. Daarom kies hy ook so selfsugtig dat sy oom die swakker land kry. Daar is geen sprake van 'n gelyke verdeling nie, en ook nie daarvan dat hy sy oom in sy keuse sou respekteer nie.
- Wanneer Abraham die voorstel maak dat hulle maar uitmekaar moet gaan, val hy dadelik daarby in. *Dit sou dalk beter gewees het om nie so maklik toe te stem om te skei nie. Versoening sou 'n beter oplossing wees.*

Later in die geskiedenis leer ons Lot ken as volwasse man. Hy woon in Sodom.

- Hy is getroud met 'n vrou wat veral tuis is in hierdie goddelose stad. Sy is ook die een wat in sy huwelik die toon aangee.
- Dan breek daar 'n groot oorlog uit. Vyf konings trek op teen vier! Tydens hierdie veldslag word die hele Sodom leeg geplunder. Die inwoners word as krygsgevangenes weggevoer. **Onder hulle is Lot.**

Abraham hoor van die saak en hy maak uit sy veewagters 'n leër bymekaar en val die agterhoede van die vyandelike leër aan:

- Dis die gedeelte waarby die gevangenes was.
- Hy maak gebruik van guerillataktiek en verslaan dié gedeelte van die leër en verlos Lot.

En Lot gaan woon werklik weer in Sodom!

- Mens wonder dan regtig of dit waar kan wees dat Lot hom so in sy siel gekwel het oor die sondes van die plek, soos wat daar in 2 Petrus geskryf staan!
- Op sy oudag bly Lot nog altyd in Sodom. En dit gaan wild in hierdie stad!
 - So erg dat die Here self kom kyk of die geroep wat daar oor hierdie stad opgaan, die waarheid is.
 - Die engele waarsku Lot na 'n nag van ontberinge dat hy moet vlug vir sy lewe, want die Here gaan die stad tot in die aarde verwoes.

Lot wil nie vir die Here luister nie! Die Bybel stel dit so treffend: Lot het bly talm.

- Hy wou nie weggaan nie. Die engele moet hom en sy vrou en hulle dogters naderhand daar uitsleep!
- Sy vrou se verknogtheid (verknegtheid?) aan die sondige stad en alles wat die sonde bied, kos haar haar lewe. *Haar keuse lê kennelik by die wêreld met sy vreugde wat agter haar in vlamme opgegaan het. Daarom gaan sy staan – en gaan sy ook verlore.*

Petrus sien die ooreenkoms tussen Lot en Noag raak:

- Al twee van hulle is uit die geweldige gerig van God gespaar:
 - Noag uit die ou wêreld toe die Here dit met die sondvloed verwoes het.
 - Lot uit Sodom toe die Here dit met vuur en swael verdelg het.

Ons het vandag al die bewyse van Sodom en Gomorra se vernietiging.

- Geleerdes het vasgestel dat die hele dal Siddim, waarin Sodom en Gomorra gelê het, in 'n geweldige diep aardspleet versink het.
- Albei hierdie stede het terselfdertyd oorspoel geraak met lawa.
- Daarmee is die waarheid en die verskriklike geweld van Sodom en Gomorra se verwoesting bewys. En die tydsberekening is presies korrek.

Teen hierdie agtergrond tref dit ons dat die Bybel so breedvoerig uitwei oor Lot se regverdigheid. Veral dat daar staan dat hy sy regverdige siel gekwel het oor die losbandige lewe van die sedelose mense.

- Hierdie Bybelgedeelte gee heeltemal 'n ander siening van Lot. Al is dit nie so duidelik uit wat hy gedoen en gesê het nie.
- Hy was bitter ontevrede met die toedrag van sake: Diep in sy binneste het Lot 'n afkeer gehad van die verkeerde, en ook 'n begeerte na die dinge wat rein is.

Dan sien ons Lot heeltemal anders.

- Hy is eintlik 'n geweldig eensame man, want hy het nie eens die steun van sy vrou gehad nie.
- Die Bybel leer dus inderdaad dat Lot 'n bekeerde man was. En God het Lot so begenadig dat hy ondanks al die verkeerde dinge waaraan hy deel gehad het, tog 'n geloofsheld is.

Maar dit neem nie die feit weg dat Lot sekere dinge verkeerd gedoen het nie – foute waaruit ons 'n geloofsvoorbeeld moet neem.

- Hy het hom nie werklik bekeer van hierdie sonde waaraan hy so 'n hekel gehad het nie.
- Bekering is juis verandering – verandering weg van die sonde af.
- Onthou: Ons kan mense bedrieg, maar niemand kan God bedrieg nie, want God ken ons en ons hart van binne af!
- Ons kan nie almal geloofsreus wees soos Abraham nie, maar ons kan regverdige wees soos Lot – mense wat in ons swakheid bid vir die genade van God. Maar dan moet ons ons van die kwaad bekeer!

2. Ons onvermoë teen die sonde bestempel ons nie as verlore nes nie!

Dit is nie reg om soos Lot hom net te vererg oor die sonde van sy stad nie. Hy was erg ontevrede met hulle sondes.

- Hy het volgens die Bybel definitief nie gedeel in hulle wêreldse sondes en die vreugdes wat dit oplewer nie!
- Maar ons lees net so min van vreugde van die Here wat hy belewe het!
- Ons lees nie van hom dat hy in tye van swaarkry of stryd sy vreugde gevind het in die wil van God nie.
- Dit was met sy lewe net soos met sy keuse van die beste weiveld toe hy en Abraham geskei het. Ons kan die beste besittings hê, maar sonder dat ons dit in die Here besit, kan ons geen plesier daaruit put nie.

Lot het hom magteloos gekwel oor die sonde van die stad, maar hy het nie daarmee gebreek nie. Daarom het hy geen vrede geken nie en was daar altyd so 'n gebrek aan blydschap in sy lewe.

Dit baat ons niks om ons te bekommer oor die sondes van ons stad en ons breek nie met hierdie dinge nie – in Lot se geval: trek nie daaruit weg nie.

- Dit het Lot byvoorbeeld ook niks gehelp om hom te bekommer oor die verderflike invloed van Sodom op sy twee dogters nie.
- Want hy het nie gebreek met hierdie sondes nie, en daarom eindig sy geskiedenis waar sy twee dogters met hom bloedskande pleeg! Hy verwek by elke dogter 'n kind terwyl hy smoordronk is!
- Hierdie swakheid van hom teen die sonde was die oorsaak dat sy gesin geestelik en sedelik ten gronde gegaan het!

Kyk net watter skade het Lot se geduld met die sonde hom berokken!

- Eers het sy hele geesteslewe daaronder gely.
- Verder het sy gesin en sy dogters se opvoeding daardeur ten gronde gegaan.
- Hy het selfs al sy besittings verloor, want toe Sodom en Gomorra verwoes is, het hy letterlik net die klere aan sy lyf oorgehou. Verder is alles saam met die twee stede verwoes!

Maar God se raad het ook ruim plek vir genade!

- Ten spyte van al Lot se nalatigheid, en van baie gebreke, is hy gered.
- Die regverdige man – so noem die Bybel hom – het sy siel gekwel oor die wetteloosheid van die goddeloses. Sodoende is hy verlos.
- Sekerlik sou ons kon sê dat hy geestelik beskadig is, maar hy is nie verteer nie!
- Sy verlossing word gesimboliseer deur sy verlossing uit Sodom die dag van die verdeling van die stad.

Elkeen van ons pas presies in hierdie man se skoene!

- Ons verdra en leef saam met baie dinge wat nie ons goedkeuring wegdra nie.
- Ons kinders doen baie dinge wat ons weet dat dit ,uit beginseloogpunt gesien, beslis verkeerd is.
- Maar ons verwyder nie die kwaad nie. Ons spreek ons miskien daarteen uit, maar ons skei ons nie daarvan af nie. En dit raak nie net ons kinders en sekere van die verwronge sedes wat in wording is nie; dit raak ook sekere van ons eie gewoontes en dade.

Dan die troos. Dit beteken nie dat ek daardeur bestempel word as 'n verlore nie.

- Ek is 'n verlose in Jesus Christus – as my lewe net daarvan getuig dat ek met volle verantwoordelikheid teen hierdie dinge stry.
- As daar net van my ook geskrywe kan staan dat ek *dag vir dag my regverdige siel gepynig het oor hierdie wettelose werke!* As ek my verantwoord teen die kwaad.
- Die probleem is net dat as ons dit nie gaan doen nie, die Here met ons kan doen wat Hy met Lot gedoen het: Hy kan alles wat ons het vernietig en die van ons doodmaak wat sterker in die verkeerde in verlang as wat hulle doelgerig in Hom inleef.
- Moet dit nodig wees om op so 'n manier deur God teruggeruk te word in sy genade in?

Dit is die betekenis van die Here Jesus Christus se kruisdood in hierdie saak.

- Hy het Hom, soos Lot, gekwel oor die kwaad. Hy was egter nooit vasgevang in die kwaad nie en het uiteindelik die kwaad in sy dood oorwin.
- Tydens sy lewe het Hy een keer aan die begin van sy openbare optrede en weer een keer aan die einde van sy openbare optrede die tempel (kerkgebou!) skoon geslaan met 'n sweep en met geweld die valsheid en verwrongenheid van die gelowiges reggestel.
- Met sy kruisdood het Hy al my verantwoordelikhede nagekom (eintlik: Hy het my onverantwoordelikhede met God versoen).
- Hy het in my plek my stryd teen die kwaad gestry en oorwin – sodat ek nou daarin kan roem dat ek ook verlos is, al lyk my lewe soos Lot s'n.

Maar dan moet ons net onthou dat die kruisverdienste van ons Here Jesus ons met meer verantwoordelikheid belas as wat Lot gehad het.

- Ons het onder die leiding van God die Heilige Gees die verantwoordelikheid om met meer ywer en verantwoordelikheid as Lot teen die verkeerde te stry.
- Ons moet uit dankbaarheid die genade van die Here Jesus Christus waardig wees.

Laat ons na hierdie diep selfondersoek en met hierdie waaragtige voorneme om regverdig te wees in die Naam van ons Verlosser Jesus Christus ons Here volgende week aan sy Nagmaaltafel kom aansit.

Amen.

Slotgebed

Onse hemelse Vader, heilig u Naam onder ons daarin dat ons u wil uitvoer en aan al u gebooië gehoorsaam is. Laat u koninkryk ook kom deur ons gehoorsaamheid en diens aan u majesteit. Versorg ons met daaglikse voedsel en kleding. En vergewe ons ons sondes, en leer ons ook om ons naaste hulle oortredinge teenoor ons te vergewe. Om Christus ontwil.

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 46:1 (p. 236)

- 1 God is 'n toevlug in die nood, / 'n rots wat altyd vas bly staan,
al dreig die vyand met die dood, / al storm sy leërbendes aan.
Laat dan maar buig en beef / al wat ons hier omgeef;
laat berge uit hul stee / wegwankel in die see – / ons sal nie beef of rugwaarts gaan.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: Voorbereiding 20 Februarie 2005
Hulpdienspredikant Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 20 Mei 2012